CANOLAFOKUS

Mondstuk van die canolawerkgroep

*Februarie 2020 No.92*

# PNS CANOLAOPBRENGS KOMPETISIE WENNER VIR 2019

## Swartland - Kategorie meer as 150 ha aangeplant

Chris Cumming - PNS Konsultant

**Eduard Loubser** van P.E.Loubser Boerdery (Pty) Ltd. in die Koeberg, is by ŉ funksie wat die 27ste November op Moorreesburg gehou is, as die top presteerder vir produsente wat meer as 150ha aangeplant het, gekroon.

Eduard, een van ons vele uitstaande jong boere in die Wes-Kaap, het ŉ baie goeie indruk op my gemaak tydens my besoek om hierdie artikel te skryf. Wat my beïndruk het was dat hy gretig is om te leer en meer belangrik, dat wat hy geleer het reg toe te pas. Hy raadpleeg kundiges, insluitend sy buurman asook sy pa, groot Viljee, aangesien daar 10 jaar laas canola op die plaas verbou was. Die Loubsers het canola 10 jaar gelede gelos omdat die beskikbare cultivars net nie die opbrengs potensiaal gehad het nie en dit dus selde winsgewend was om te verbou.



Foto 1: vlnr Izane Crous (SOILL), **Dirk Lesch** (wenner >150ha), Chris Cumming (PNS Konsultant), **Eduard Loubser** (wenner >150ha) en Andries Theron (Voorsitter van PNS).

Om genoegsame kos vir hulle melkkuddes te produseer, het hulle ŉ mengsel van soet lupiene en wieke verbou wat ideaal in ŉ rotasiestelsel gepas het wat met 2 jaar koring afgewissel was. Die grond se voedingstatus is opgebou met die beesmis wat as ŉ slurry elke 2 tot 3 jaar op ŉ land versprei was. Die lupiene in die stelsel het al swakker presteer. Vir daardie rede is besluit om terug te gaan na canola, nadat die buurman ŉ hoogs suksesvolle canola-oes afgehaal het. Hulle het ook gevind dat met die verandering in reënvalpatrone oor die afgelope aantal jare, dat koring gereeld swaar kry as die laat groeiseisoen reëns afsny. Canola hanteer laat droogtes veel beter en het die vermoë om te herstel sou reën laat in die seisoen wel voorkom. Wat ŉ goeie besluit was dit nie!!!!

Met die intrapslag wen Eduard die kompetisie met ŉ gemiddelde opbrengs van 2,23 ton/ha oor 383ha. As in ag geneem word dat, die seisoen na ŉ hoogs belowende begin heeltemal ongunstig geraak het in die tweede helfte, met bo-gemiddelde temperature in Augustus en September en bitter min reën, is dit ŉ merkwaardige prestasie.

Wat was die verbouingspraktyke wat Eduard toepas wat tot sy sukses gelei het?

Daar is vasgestel dat die hoë voedingswaarde van die boonste grondlaag as gevolg van die mis toedienings veroorsaak dat die plantwortels grootliks beperk is tot hierdie diepte as gevolg hoë voedingstatus, wat ŉ soort "ploegsool" veroorsaak. Dit word elke 5 jaar opgehef, deur om ŉ tand implement met 50cm spasiëring tot op ŉ diepte van ongeveer 40cm te rip.

Eduard is ingestel om ŉ eweredige en egalige stand canola te bewerkstellig wat al sy bestuursbesluite vorentoe vergemaklik. Hy poog om die canola vlak te plant, verkieslik in ŉ klam saadbed, en dien vloeibare kunsmis toe bo-op die plantry agter die drukwiel. So maak hy seker hy sal nie saailinge verloor as gevolg van kunsmis brand nie. Hy plant meestal CL canola kultivars sodat hy imasamoks kan spuit wat die raaigras en kiesieblaar kan beheer. Hy het die helfte van sy lande met 45Y91 en die ander met 44Y90 geplant teen 2,5 kg/ha tussen 15 Mei en 22 Mei. Hy het wel een land met ŉ TT-cultivar geplant waar weerstandbiedende ramenas voorkom, maar het gevind dat die opbrengs wat gerealiseer het, sy plaas gemiddelde effens afgetrek het.

Die canola is met 12kg N/ha en 4kg P/ha geplant. Hy het 50kg N/ha rondom die 5 blaarstadium en ŉ opgevolg met 40kg N/ha later as bo-bemesting. Eduard reken dat die benutting van beesmis op hul lande spaar hulle tot R500/ha per seisoen in stikstof toedienings.

Hy monitor elke canola land daagliks in die vroeë groeistadium wat daartoe gelei het dat hy plantluise in die saailingstadium waargeneem het, wat met ŉ mengsel van cyperfos en folimat doodgespuit is voor enige ernstige skade voorgekom het. Eduard doen al sy bespuitings met ŉ trekkerspuit en dien ŉ minimum van 200l water/ha toe. Tydsberekening is vir Eduard kritiek en hy skryf sy sukses toe aan die feit dat die Cysure, swambespuitings en molibdeen en boorbespuitings op die regte tye toegedien word. Sover moontlik spuit hy produkte apart, maar as hy Cysure of kletodim spuit, maak hy beslis nie tenkmengsels nie.

Eduard het op Boland Landbou skoolgegaan en was ŉ kranige rugbyspeler voor hy plaas toe is. Hy het die graad B.Com Hons in besigheidsbeginsels vanaf Unisa verwerf. Hy is met Rochelle, ŉ onderwyseres by Laerskool Durbanville getroud.

Veels geluk met jou prestasie Eduard.

# PNS Canola-opbrengs Kompetisie Wenner vir 2019
# Dirk Lesch met 2.52 ton/ha$^{-1}$

## Swartland - Kategorie minder as 150 ha aangeplant

Izané Crous - Soill

Dirk Lesch was in 2019 as die canola opbrengskompetisie wenner vir produsent aangewys wat minder as 150 hektaar canola aangeplant het. Dis nie die eerste keer dat Dirk deur die PNS aangewys word as top canolaprodusent nie. Dirk is ŉ bekende onder die Swartland gemeenskap. Sy kennis en passie vir die boerdery is aansteeklik. Dirk boer al vanaf 1983 op die plaas Elim net buite Malmesbury saam met sy vrou Mariëtte, wie hy volhou die dryfveer is vir die jaarlikse aanplanting van canola, en hul geliefde troeteldier Zara. Indien jy Dirk vra waar die plaas geleë is, sal hy jou dadelik inlig dat dit in die goue driehoek geleë is - ŉ doopnaam wat die produsente in die omgewing vir die area gegee het omdat die gemiddelde temperature altyd laer is as gemiddelde temperature in ander dele in die Swartland.

Volgens Dirk is sy hoë canola-opbrengs van 2019 te danke aan die koeler temperature en totale groeiseisoen reënval van 219 mm wat in sy area voorgekom het. Dirk boer nie volgens ŉ resep nie. Sy aanslag is om altyd ingestel te wees op die bewaring van sy grond. Volgens Dirk boer hy immers nie met gewasse nie maar juis met sy grond.

Dirk het sy canola met sy selfgeboude mespuntplanter op die 24$^{ste}$, 25$^{ste}$ en 26$^{ste}$ April geplant (ongeveer 25mm diepte). Die kultivars 44Y90, 45Y91, 45Y93 en 45Y88 onderskeidelik is aangeplant teen ŉ digtheid van ongeveer 1.8 kg.ha$^{-1}$. ŉ Totaal van 25 kg.ha$^{-1}$ N in die vorm van UAN + fosforsuur is met plant agter die drukwiel in ŉ vloeibare vorm toegedien. Ongeveer 55 dae daarna het sy eerste kopbemesting gevolg teen ŉ peil van 50 kg.ha$^{-1}$ N en net voor stamverlenging was die tweede kopbemesting toegedien teen ŉ peil van 65 kg.ha$^{-1}$ N. Beide kopbemestings is in die vorm van ureum wat met ŉ urease inhibeerder behandel is en ammoniumsulfaat toegedien. Kalium is teen ŉ peil van 12.5 kg.ha$^{-1}$ saam met die eerste kopbemesting toegedien en boor is net voor blom toegedien teen ŉ dosis van 2 l/ha$^{-1}$.

Voor plant het Dirk sy onkruide beheer met glifosaat en trifluralin is met plant toegedien. Net voor die 6-blaarstadium is die eerste grasdoder toegedien in die vorm van kletodim aktief. In een van die kampe is daar probleme ondervind met gousblom en medics en is effektiewe beheer toegepas met klopiralied aktief. Probleme is in Junie ondervind met koolwurm (cabbage webworm) en gevolglik is asetamiprid aktief saam met die grasdoder toegedien.

Swambestuur is toegepas deur ŉ protiokonasool en tebukonasool aktiewe swamdoder op die 4-5 blaarstadium, asook die 30-40% blomstadium toe te dien. Dirk glo vas daaraan dat sy suksesvolle oes ook te danke is aan die swamdoder wat by die 4-5 blaarstadium toegedien is aangesien die plante ŉ kenmerkende hupstoot getoon het na die toediening van die swamdoder. Dirk pas ŉ voorkomende beheerstrategie toe wanneer dit kom by die beheer van *Sclerotinia*. Ongeag omstandighede blyk of dit ideaal of nie-ideaal is vir die ontwikkeling van *Sclerotinia* nie, sal Dirk altyd ŉ swamdoder toedien by die 30-40% blomstadium.

Volgens Dirk is die volgende 3 fases van canolaverbouing die belangrikste om ŉ suksesvolle oes te verseker:

1. Plant - as jy jou canola uit die grond uit kry is jou kop klaar halfpad deur.

2. Platsnytyd - doen dit op die regte tyd! Dit is baie belangrik om jou hellings in ag te neem tydens die bepaling van die korrekte tyding vir platsny. Vind ŉ balans tussen jou hellings en beplan jou tyding daarvolgens. Indien die boonste peul se pit tussen jou vingers gerol kan word, dan is die plant reg vir platsny.
3. Oestyd - stel jou stroper reg in om minimale vermorsing tot gevolg te hê.

Ons wil vir Dirk weereens baie geluk wens met sy prestasie. Jy is vir ander canolaprodusente daar buite ŉ inspirasie!

*Namens die redaksie wil ek baie geluk sê aan ons wenners van 2019. Ek wil ons mede produsente aanmoedig om sulke opbrengste na te streef. Produsente moet hulself vergewis met die canolapaspoort en asseblief nie chemiese produkte buite registrasie in 2020 gebruik nie.*
*Piet Lombard*

**Navrae:** Direktoraat Plant Wetenskappe, Wes-Kaapse Departement van Landbou, Privaatsak X1, Elsenburg, 7607, Tel 8085321. pietl@elsenburg.com
**Redaksie:** PJA Lombard, J Bruwer, Chris Cumming, Izane Leygonie
***Geborg deur die Proteïennavorsingstigting***
Besoek die PNS se webblad by www.proteinresearch.net vir vorige uitgawes van nuusbriewe en pamflette.

PROTEïENNAVORSINGSTIGTING
PROTEIN RESEARCH FOUNDATION